Saterdag 9 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-15

Fokusgedeelte: Matteus 6:13 (AFR33/53/AFR2020); HK 52

Die genade om te mag bid: "Lei ons nie in versoeking nie."

As kinders van God weet ons dat ons as koninkryksburgers in 'n wêreld vol versoekings leef. In die bede: *"Laat ons nie in versoeking kom nie"* leer Jesus ons nie om bloot versoekings te vermy nie, maar dat ons in werklikheid smeek om genade. Dat God ons sal lei, beskerm en staande hou wanneer die wêreldsonde ons wil oorweldig en insluk.

*"Omdat ons van onsself so swak is dat ons nie een oomblik staande kan bly nie, en ook ons doodsvyande – die duiwel, die wêreld en ons eie sondige aard – nie ophou om ons aan te val nie ..."* (HK Sondag 52). Met hierdie belydenis erken ons dat ons nie uit eie krag die stryd teen die sonde kan voer nie. Ons het 'n Koning nodig wat ons lei. God se genade beteken nie dat ons nooit versoek sal word nie, maar dat Hy ons in versoeking nie sal los nie. Christus self is versoek – maar Hy het staande gebly sodat Hy ons nou kan help.

Met hierdie bede bid en vra ons dat ons ook regop sal bly. Ons bid nie uit vrees nie, maar uit geloof waar ons ons vertroue in ons hemelse Vader stel – Hy wat mag oor die Bose het. Ons weet dat ons, as burgers van sy Koninkryk, altyd – selfs in die donkerste tye van ons lewens – deur die Heilige Gees bygestaan word om staande teen versoekings te bly.

*Sing: Skrifberyming 10-1:1, 4*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*